Draai seisoene ooit?

Mien sit agteroor op die kampstoel en vat ‘n slukkie van die kondensmelkkoffie. Die beker het ‘n paar erd-af plekke en sy draai dit om en om tot sy die beste kant kry. Dan vryf sy stadig oor die stukkende plekke voordat sy beide hande om die warm beker vou.

`n Kokoriba, twee blink-lyf spreeus, `n paar ape en `n rooibors lyster is al geselskap wat sy het. Doer vêr probeer ‘n duif sy bes om die stilte te verbreek. Die rooibos stomp van gisteraand se vuurtjie smeul nog bietjie en net `n klein vlammetjie gee amper- hitte. Die windjie is yl vanoggend en as sy nie met haar voete in die sonnetjie sit nie, help daai warm sokkies ook niks nie. As ‘n mens se tone só koud kry, is dit winter in die Bosveld. Sy worrie nie regtig so baie oor die koue nie want die stilte is genoeg om haar te laat vergeet van ‘n hartseer gister, jare se aanhou en probeer, slapelose nagte oor wat “môre” gaan bring. Hier gooi sy haar hart oop en ontvang elke kleine druppeltjie van vrede.

Die Anabome troon soos reuse bo haar kop en, soos sy die afgelope tyd moes doen, veg elkeen vir sy eie plekkie in die son. Die winter sal weer plek maak vir die somer …..en haar seisoen van winter sal ook draai.Die draaipunt weet sy nog nie, is dit vandag, môre..miskien volgende week of dalk eers volgende jaar …… of dalk nooit!! Al wat sy weet is dat sy nou vir eers rus vir haar siel het en dit is genoeg vir nou. Die vryheid van bevryding en die oor-die-skouer-kyk is vir eers verby. Die begin van ‘n nuwe tyd sonder om die slaansak van woorde en vuiste te wees. Sy sal weer haar eie Anaboom word en haar plekkie in die son kry.

Sy staan op, maak die beker koffie sommer so op die kooltjies warm en vat nog ‘n teug. Dit is byna haar laaste dag hier. Die son begin sy kop uitsteek en sy voel die eerste strale op haar gesig.

Ingedagte gee sy ‘n sug en besef dat haar hart ligter is as wat dit in 'n lang tyd was. Met 'n glimlag draai sy terug stoel toe. “Het jy regtig gedink dat jy hier kan kom wegkruip?” klink ‘n yskoue, bekende stem agter haar. Die beker tuimel grond toe en haar bene voel soos lood.

“Here, hoe is dit moontlik!”, uiter sy voor die skoot se klap die stilte vir ewig verbreek.